AANKONDIGINGE

28 OKTOBER 2018

✉ Posbus 272 ☎ 021 903 3818 E-pos adres: ngkeike@cybersmart.co.za
Kuilsrivier Faks 021 903 9541 info@ngkeike.co.za
Webwerf : www.ngkeike.co.za

Kantoorure: Maandag tot Vrydag 08:00 – 12:00
Bankbesonderhede: ABSA – takkode 632005; Rekeningnommer 3010590069

Leraars:	Ds. H Burger	Ds. C Barnardo	Ds. J Morkel	Ds. J Viljoen
	☎ 021 903 1798	021 982 7076	021 903 6654	084 383 7427

Saakgelastigde	Mariana van Schalkwyk	☎ 021 903 3818
Sekretaresse	Cathy Fullard	☎ 021 903 3818
Koster	Tim Burrows	☎ 021 903 3818 of 082 444 5677 koster@ngkeike.co.za
Kinderkerk	Riëtta Odendal	☎ 021 903 4963
Snr Kategese	Franci Gresse	☎ 082 891 2384
Orrelis	René Ferreira	☎ 021 981 4806 (h)

W E L K O M B Y D I E E R E D I E N S !

NUWE INTREKKERS : Baie welkom in die gemeente.

By die deure is nuwe intrekkervorms beskikbaar. Voltooi dit asb. sodat ons jou kan kontak.

VANDAG SE PROGRAM

DRIE-EN-TWINTIGSTE SONDAG IN KONINKRYKSTYD

Tyd	Diens/Geleentheid	Prediker/Lokaal
08:30	Samekoms van kerkraadslede	Koster se kantoor
9:00	**HERVORMINGSFEES** **DANKBAARHEIDSONDAG** **EREDIENS** **Dankofferinsameling** Deurkollekte: Gemeente-ontwikkeling Erediensspan 1 – Chris van Niekerk	Ds. Chris Barnardo
09:00	Kinderkerk en jnr kategese	Konsistorie en daarna verskeie lokale
18:00	Informele Aanddiens/Kruiskompas Bankkollekte	Ds. Scherlize Hayes
19:00	Senior kategese (gr. 7 tot 10) Belydenisklas (gr.11)	

GEMEENTE DAGBOEK

GEBEDSONDERWERP VIR DIE WEEK:
DS. JANDRé EN GESIN

LEESROOSTERTEKSTE VIR DIE WEEK:
Rut 1:1-18; Ps 146; Heb 9:11-14; Mark 12:28-34

MAANDAG, 29 OKTOBER
18:30 Erediens & Aanbidding kommissie – vergadering in die Moederskamer 19:00 Sportmanne Bybelstudie – byeenkoms in konsistorie 19:00 Vrouelidmate Bybelstudie – byeenkoms in Moederskamer
DINSDAG, 30 OKTOBER
09:30 Senior Burgers – Bybelstudiebyeenkoms in konsistorie 19:00 Pannie se kleingroep – byeenkoms by Pannie se huis 19:00 Eiendomme kommissie – vergadering in konsistorie 19:00 Kooroefening – in kerk
WOENSDAG, 31 OKTOBER
09:30 Vrouelidmate – Bybelstudiebyeenkoms in konsistorie 19:00 Fondse kommissie – vergadering in konsistorie
DONDERDAG, 1 NOVEMBER
11:30 Dienssentrum vir Seniors – Kersete by Lavendula Koffiewinkel Sopkombuis: Corra Kitshoff, Whileen Galvin, Danalene Gillman, Teresa Swart, Vikkies Victor 19:00 Getuienisaksiekommissie – vergadering in konsistorie
VRYDAG, 2 NOVEMBER
09:30 Gebedsbyeenkoms in Moederskamer
SATERDAG, 3 NOVEMBER
SONDAG, 4 NOVEMBER
VIER-EN-TWINTIGSTE SONDAG IN KONINKRYKSTYD 09:00 Oggenddiens - Doop Deuroffer: Aksie Samaritaan Erediensspan 2 – Charl van Zyl Geen Kinderkerk en jnr kategese in konsistorie Geen Informele aanddiens/Kruiskompas Geen Snr kategese en belydenisklas

VANDAG SE DEUROFFER

GEMEENTE-ONTWIKKELING

Die Raad vir Gemeente-ontwikkeling en Kerklike Samewerking is ’n gesamentlike werksaamheid van die NGK en VGK wat fokus op kerkplanting as belangrike wyse van evangelisasie in nuwe stadsgebiede maar ook in gebiede waar plaaslike geloofsgemeenskappe nie die kapasiteit het om hierdie uitdaging alleen te hanteer nie.

Dit wil die missionêre uitdagings wat ’n nuwe Suid-Afrika aan ons stel op konkrete wyse hanteer deur nuut te dink oor die kerk, wat die klassieke Evangelie op ’n vars manier kan laat leef, ook in die mees armoedige konteks.

Ds Philip Botha **|** philipb@sun.ac.za **|** 021-808-9060

VERJAARSDAE VIR DIE WEEK

28/10	Charl Strydom, Janine en Nicolas Roos, Saretha van Wyk, Divan Tolken, Monique Cloete
29/10	Hannetjie Keyser, Demila Huisamen
30/10	Mariette Swart, Jeanne Cillié, Natasha Albertyn, Elbie Venter
31/10	Sanél Rust, Chris Hanekom
1/11	George Fullard, Bettie Marais, Koos Voigt, Lianné van Schalkwyk, Susie Engelbrecht, Elmaré van der Merwe, Leréne Hamman, Lihan Swanepoel
2/11	Timone Joubert, Ria Kellerman, Jovan de Bod, Lehani de Koker, Sheila Lambrecht
3/11	Sandra du Toit, Danie Heyns, Elize Steenkamp

GEDAGTE VIR DIE WEEK

Dankbaarheid is die geheue van die hart.

JB MASSIEU

DANKSEGGING EN VOORBIDDING

1. Baie welkom aan die volgende lidmate wie se lidmaatskap ontvang is:
   - Chanell Kleynhans vanaf Hartbeespoort
   - Eljalie du Plessis vanaf Bothasig
   - Franco Boonzaaier vanaf Kraaifontein
   - Willie Rabie vanaf Kuilsrivier-Digtebij
2. Pierre en Martie Swart vertrek in die week na Nieu-Seeland vir 4 maande.
3. Lisa Loots is gekies as Voorsitter van die Raad van Leerders van Hoërskool de Kuilen (hoofmeisie) terwyl Stefan Rossouw en Tené de Wet onder-voorsitters is (onder-hoofseun en –meisie). Baie geluk aan hulle en hul ouers.
4. Raymond van der Westhuizen (Manatoka laan 41) se pa is oorlede. Ons dink aan hulle familie.
5. Groenewald Geldenhuys (Fisant straat 48) sterk tuis aan na ‘n operasie.
6. Sias Koen (Swaan straat 11) sterk tuis aan na ‘n operasie.
7. Retha Smit (Klaradyn Aftree-oord) se suster is oorlede.
8. Leandré Hough, dogter van André en Liana, (Kransduifstraat 7) was die week in die hospitaal vir ‘n operasie. Ons bid vir vinnige herstel.
9. Jak Sauerman (Othello) het ‘n operasie ondergaan.
10. Sakkie en Dalene Smit (Othello) verhuis Maandag na Robertson. Ons bid vir hulle die seën van die Here toe.
11. Jolandé Vorster (Steenbok straat 28) ondergaan volgende Woensdag ‘n operasie in Kuilsrivier Hospitaal.
12. Anna van Wyk (Voëlvry, Bottelary) het weer ‘n groot operasie gehad.
13. Niel Gresse (Linkwood straat 1) het ‘n draai in die hospitaal gemaak.
14. Bokkie Geyer is die afgelope week ingesweer as Lid van die Nasionale Parlement. Namens die kerkraad en die gemeente wens ons vir Bokkie en Jo geluk.

VAN ALLES EN NOG WAT

1. Versoeke vir gebedsvoorbidding kan deurgegee word na enige van die gebedsgroepe by die volgende lidmate: Lerina Venter (021 903 9069) en Marita Koen (021 903 7820).
2. Liedere Versoekboek: indien daar ‘n spesiale lied is wat jy graag wil hê die gemeente moet sing, skryf dit gerus in die versoekboek wat in die vakkie in die voorportaal is.
3. Die Mediasentrum is gedurende die skoolkwartale elke Sondag na die oggenddiens oop.
4. Lidmate is steeds welkom om tweedehandse klere, beddegoed, ens. na die kerk te bring vir die klerebank. Daar is tans veral ‘n behoefte aan mansklere, maar enigiets is welkom. Boeke en tydskrifte word ook benodig.

LEGKAART VAN HOOP

Ons wil almal aanmoedig om betrokke te raak by die “Legkaart van Hoop”- projek.

Die fondse word gebruik om die gemeente se getuienisaksies te befonds. Die aankoop van ‘n legkaartstukkie maak dit dus moontlik dat ons gemeente betrokke bly in God se werk.

‘n Legkaartstukkie kos R100.

Ons het die afgelope week 5 stukkies verkoop en die totaal is nou 287 van 2000.

MES KAAPSTAD

Kom vier MES (Metro Evangeliese Sorg) Kaapstad se 10de bestaansjaar saam met spesiale gaste, Elvis Blue en Coenie de Villiers as seremoniemeester op Woensdag 24 Oktober 2018.

Opbrengs van die funksie sal direk aangewend word vir die voortsetting van MES se buitengewone dienste aan die hawelose gemeenskap.

Kaartjies teen R600 per persoon (sluit ‘n 3 gang maaltyd in) is beskikbaar by Anelle by 021 949 8736 of anelle@mes.org.za .

DANKOFFERFEES: 28 OKTOBER

Ons tel ons seëninge en bring vandag ‘n offer van dank aan die Here!
Hierdie fees is ook simbool van al ons offers deur die hele jaar. As rentmeesters is ons bestuurders van die Gawes (talente), Geleenthede (tyd), Gelde en Grond (Gx4) wat die Here aan ons gee.

DE EIKE KOSKAS

Daar is tans ‘n dringende behoefte aan die volgende produkte:

- blikkies groente
- blikkies vleis / vis

Bydraes kan in die mandjies by die deure geplaas word of by die kerkkantoor afgegee word.

WYNVEILING

Ons is dankbaar om te berig dat die opbrengs van vanjaar se wynveiling wat op 17 Oktober op Kaapzicht plaasgevind het, R261 293 beloop teenoor verlede jaar se R240 314.

Weereens baie dankie aan almal wat ‘n aandeel hierin gehad het.

VAKANTE POS BY SINODE

Die NG Kerk in Suid-Afrika (Sinode van Wes-Kaapland) nooi hiermee geskikte kandidate uit om aansoek te doen om die pos as **KOMMUNIKASIEBESTUURDER**. Die suksesvolle kandidaat moet die waardes en visie van die Sinode van Wes-Kaapland onderskryf, bemark en kommunikeer. ’n Aanvoeling vir die kerklike omgewing, sowel as ondervinding van die NG Kerk se strukture sal die aansoek versterk.

Sluitingsdatum: Donderdag 8 November 2018 om 12:00

Besoek asseblief ons webblad by http://bit.ly/Kommunikasiebestuurder vir die volledige advertensie en inligting oor die aansoekproses.

Navrae: Kenny Raats by ngkadmin@kaapkerk.co.za of 082 886 5643 of Francois Herselman (voorsitter van die Sinodale Taakspan vir Kommunikasie) by fherselman1@telkomsa.net of 081 270 3226.

KLEREBANK

De Eike se klerebank was oor die afgelope paar jaar, danksy die ruim skenkings van lidmate, in staat om uit te reik na verskeie gemeenskappe en individue in nood.

Ons gee gereeld skenkings van klere, beddegoed, ens. aan Green Park, Kayamandi, Nuwerus, Badisa en ook die inwoners van Huis de Kuilen.

Tans is daar ‘n **groot gehoefte aan alle tipes klere (mans, vroue en kinder) sowel as beddegoed, handdoeke, ens**. Lidmate is welkom om enige skenkings by die kerkkantoor af te gee. Boeke en tydskrifte word ook benodig.

HUIS HORISON, STELLENBOSCH

Huis Horison se somerkermis vind plaas op 3 November 2018 by die sentrum in Onder-Papegaaiberg plaas.

Vir heerlike eetgoed, speletjies, musiek en vermaak, pretloop, kunsuitstalling en nog vele meer, gaan ondersteun hulle gerus.

Skakel die sentrum by 021 887 5080 of e-pos bemarkingadmin@horison.org.za vir enige navrae of om ontbytkaartjies te bespreek.

ARGIVARIS

Die laaste paar jaar was Theo Boshoff ons gemeente se argivaris. Weens sy gesondheid kon hy dit nie meer langer doen nie.

Is daar enigiemand wat daarvoor kans sien?

Dis belangrik dat ons pad saam met die Here gedokumenteer word vir toekomstige geslagte.

Skakel asb die kerkkantoor as jy wil help.

PREEKSKETS 28 OKTOBER 2018

PREDIKER: DS. CHRIS BARNARDO

TEMA : WARE GELOOF OM TE VRA, TE GLO EN TE VOLG

SKRIFLESING: MARK 10:46-52

Loflied: lied 581
Toewyding: lied 221
Uitstuurlied: lied 271:2

1. **Ontmoet vir Bartimeus.** By die stadspoort van Jerigo, tussen mense wat heeltyd in Jesus se teenwoordigheid is, bely ’n onbekende, eenkant-geskuifde blinde bedelaar dat Jesus die Messias is. Sien jy ook die ironie in die name? Die geliefde Seun van God ontmoet ’n blinde bedelaar, ’n randfiguur. Hierdie seun van die onreine roep na Hom, die Messias, die Geliefde Seun: “Wees my genadig!”

2. **Ware geloof om te vra.** Bartimeus het ware geloof gehad om te vra. Soms sukkel ons om te vra. Ons verkies soms om die argitekte van ons eie lewens te wees. Ons wil nie vra nie. God is altyd bereid om ons name en ons lewens te verander in seuns en dogters van eer, seuns en dogters van die Geliefde. Al wat ons nodig het, is ware geloof om te vra.

3. **Ware geloof om te glo.** Bartimeus het nooit vergeet wie hy was en waar hy vandaan kom nie. Almal rondom hom kon dalk vergeet het en het hom as ’n randfiguur hanteer, ’n uitgeworpene. Maar Bartimeus het geweet dat hy aan die Here behoort. Hy het onthou. Bartimeus het onthou en omdat hy onthou het, het hy ware geloof gehad om te glo.

4. **Ware geloof om te volg.** Bartimeus was vinnig om te volg. Hy het nie gehuiwer nie. Hy het opgespring en ingespring. Hy het die ware Lig gesien. Hy het geloof beleef en het met ’n geloofsprong in Jesus se voetspore begin volg.

5. **Slot.** Waar is daar blindheid in jou lewe? Waar het jy ’n nuwe visie nodig? Wil jy ’n geloofsprong maak? Waar het jy die behoefte om die sonsopkoms van ’n nuwe dag in jou lewe te beleef? Jesus, Seun van God, wees my genadig! Ware geloof, om te vra, te glo en te volg.